# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**AUGUSTUS 2020**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *16* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### TEKS A: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





Deur Flip Buys

**Algemeen**, **Gemeenskappe**, **My Werk** - *14 Februarie 2018*

## Daar ís 'n toekoms vir alle jongmense in SA

**Daar is 'n groot toekoms vir alle opgeleide jongmense in Suid-Afrika, ongeag hul velkleur. Die werkloosheidskoers onder jong wittes is byvoorbeeld onder die 5%, wat by verre die laagste onder al die rassegroepe is. Die rede hiervoor is die puik onderwys wat julle nog danksy goeie skole kry. Daarom is dit beslis nie nodig om moedeloos oor die toekoms te wees nie. Te veel hoor mens dat jong wit mense sê: "Wat help dit tog om te studeer, ek sal tog nie werk kry nie?" Dis sommer 'n simpel redenasie. Gewapen met 'n goeie kwalifikasie, is jou kanse baie beter om 'n véél beter werk te kry. Maar sonder kwalifikasies is jou kanse bitter skraal om werk te kry, al is jou vel nou watter kleur ook al. Die harde werklikheid is dat 'n mens sonder goeie opleiding nie in diens geneem gaan word nie.**

**Suid-Afrika ondervind 'n geweldige tekort aan opgeleide mense – van alle kleure. Hierdie tekort is só groot dat werkgewers dit as een van hul heel grootste probleme beskou. Dis vir baie besighede so 'n groot probleem dat hulle nie kan uitbrei of nuwe projekte begin nie. Daar is net nie genoeg opgeleide mense wat hulle kan aanstel nie! Die gevolg is dat die land se groeikoers 'n plafon bereik het. Ten spyte van die baie (swak opgeleide) werkloses, is daar sowat 500 000 oop poste in die ekonomie. Dit kan nie gevul word nie, want daar is nie genoeg opgeleide mense nie.**

**Onderwys- en opleidingstelsel**
**Die rede hiervoor is dat soveel as 80% van die land se openbare skole prakties nie in 'n werkende toestand is nie. Dit beteken dat daardie skole so swak is dat die meeste leerders wat uit die skole kom nie voldoende opgelei is om te kan werk kry nie. Die gehalte van die meeste se onderwys was so swak dat hulle selfs moeilik verder opgelei kan word.**

**Maar dis nie net sekere skole wat probleme ondervind nie. Naskoolse opleiding in die land het net so 'n knou gekry as gevolg van swak regeringsbesluite wat die stelsel**

benadeel het. Terwyl dit 'n skande is dat veral swart jongmense so deur die staat in die steek gelaat word, beteken dit dat die toekomspad oop is vir jongmense wat bereid is om op te offer en goeie opleiding te gaan soek.

Universiteite

Gelukkig is daar nog talle uitstaande universiteite in die land! Daarom wag daar 'n blink toekoms op jongmense wat 'n goeie kwalifikasie aan 'n goeie universiteit verwerf en bereid is om hard daarvoor te werk. Daar is ongelukkig hopeloos te min wit jongmense wat aan universiteite gaan studeer. Waar 70% van jongmense in Europa aan 'n universiteit studeer, doen minder as 30% van wit jongmense dit in Suid-Afrika! Daarom bied Suid-Afrika sulke goeie geleenthede en is die mededinging vir geleenthede vir uitsoekwerk nie naastenby so sterk soos oorsee nie. Selfs semistaatsinstellings soos Eskom neem deesdae weer groot getalle wit jongmense in diens.

Kurkprop en grafgrawer

Jong gekwalifiseerdes moet net nie bang wees om onder te begin nie. Net 'n grafgrawer begin bo! Sorg dat jy tydens jou studies ondervinding begin opdoen, en begin onder op die leer as dit moet. Dit is moeilik om sonder ondervinding 'n goeie pos by 'n goeie werkgewer los te slaan, maar as jy jouself bewys, kan jy soos 'n kurkprop boontoe skiet.

Mense praat vandag oor die krisis in swart opleiding en aanvaar dat wit jongmense goeie opleiding kry. Maar die klein getal wit jongmense wat deesdae gaan studeer, is regtig kommerwekkend. Dis onbegryplik hoe iemand dink dat hulle in 'n ingewikkelde ekonomie 'n goeie werk sonder opleiding kan kry. Die statistieke sê dat 'n derde van wit jongmense die skool verlaat voordat hulle matriek geslaag het. Nog 'n derde behaal matriek sonder universiteitstoelating. Die ergste is dat van die derde wat wel universiteit toe kan gaan, net minder as die helfte dit wel doen. Veral jongmans gaan studeer nie verder nie!

Miskien besef jy vandag vir die eerste keer dat min mense werklik bo begin! Hoe voel jy oor die feit dat jy nie 'n grafgrawer gaan wees nie?
Harde werk is dus deel van jou toekoms, maar ook jou kans om iets van jouself te maak.

Maar wat van die huidige situasie in Suid-Afrika, mag jy dalk nou wonder. Wat as jy nie 'n kans gegee word nie? Dirk Hermann sê dan: “Skep 'n kans vir jouself.”

**1.1** **Ons kan sê Flip Buys, skrywer van hierdie artikel, is positief oor SA se jeug en hulle toekoms. Haal een woord uit die titel aan om dit te bewys.** **(1)**

**1.2** **a) Onder al die rassegroepe, wie sukkel die minste om werk te kry? Haal twee opeenvolgende woorde aan as antwoord.** **(1)**

**b) Haal net die twee redes aan waarom dit so is. Jy mag nie die sin aanhaal nie.** **(2)**

**1.3** **Flip Buys is nie beïndruk as jong mense sê: “Wat help dit tog om te studeer, ek sal tog nie werk kry nie?” Haal 'n sin aan wat dit bewys.** **(1)**

**1.4 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur uit die stuk aan te haal.**

**Sonder kwalifikasies sal net wit jongmense nie werk kry nie. (1)**

**1.5 Suid-Afrika ondervind 'n geweldige tekort aan opgeleide mense – van alle kleure.**

**Kies 'n gevolg ('effect') in KOLOM B wat by die oorsaak ('cause') in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer, bv. 1.5.1 A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.5.1 Besighede sukkel. | A. Die land se groeikoers het 'n plafon bereik. |
| 1.5.2 Daar is nie genoeg opgeleide mense nie. | B. Daar is omtrent 500 000 poste oop in die ekonomie. |
| 1.5.3 Daar is baie werkloses. | C. Leerders is dus te swak om op te lei. |
| 1.5.4 Van al SA se openbare skole, is 80% nie suksesvol nie. | D. Naskoolse opleiding is swak. |
| | E. Hulle kan nie uitbrei of nuwe projekte begin nie. |

**(4)**

**1.6 Verduidelik wat die rede is waarom ons land se naskoolse opleiding so swak is. (1)**

**1.7 Haal een woord aan wat vir ons sê dat daar darem nog <u>goeie</u> Universiteite in Suid-Afrika is. (1)**

**1.8 Die meerderheid jongmense in Europa gaan na skool universiteit toe.**

**a. Is die bogenoemde stelling 'n FEIT of 'n MENING? (1)**

**b. Bewys jou antwoord deur uit die stuk aan te haal. (1)**

**1.9 Watter persentasie wit jongmense gaan deesdae universiteit toe? (1)**

**1.10 "Net 'n grafgrawer begin bo"**

**1.10.1 Word hierdie stelling denotatief of konnotatief gebruik? (1)**

**1.10.2 Verduidelik jou antwoord. (1)**

**1.11 Verduidelik hoe jy tydens jou studies ondervinding kan opdoen. (1)**

**1.12 a. Verduidelik waarom ons kan sê dat twee derdes wit jongmense nie suksesvol in hulle skool opleiding is nie. (1)**

**b. Gee die twee redes waarom bogenoemde kinders nie suksesvol in hulle skoolopleiding is nie. (2)**

**1.13 a. Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:**

**Dit is veral die (manlike/vroulike) geslag wat nie verder gaan studeer nie. (1)**

**b. Wat dink jy doen hulle in plaas van studeer? (1)**

**1.14 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter langs die vraagnommer, bv. 1.16 A.**

**"Skep 'n kans vir jouself."**

**Jy kan dit doen, slegs as jy ...**

**A verskonings maak.**
**B hard studeer.**
**C dadelik bo wil begin.**
**D land-uit vlug. (1)**

**1.15 Wat is jou toekomsplanne? (1)**

**TEKS B:**




**1.16 By watter vertrek het die skelms ingegaan en weer uitgegaan? (1)**

**1.17 Wat het hulle met Surenah Smith gedoen, as jy na die prentjie kyk? (1)**

**1.18 Kies die korrekte provinsie en skryf dit neer:**

**Hierdie misdaad het in (KZN/Vrystaat/Wes-Kaap) plaasgevind. (1)**

**1.19 Wat dink jy word by Louiesenhof-landgoed gemaak? (1)**

**1.20 Hoekom, dink jy, is Stephan Smith geskiet? (1)**

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder deur en voer die instuksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES:**

1. Som die SEWE knelpunte oor **Suid-Afrika se noodplan** in jou eie volsinne op.
2. Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.
3. Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**SA se noodplan tydens die corona-virus uitbreek**

1. Die nasionale beheerraad het besluit om 'n algehele afsondering vir 21 dae in te stel. Die volgende maatreëls geld:

2. Vanaf 23:59 op Donderdag, 26 Maart tot middernag, Donderdag, 16 April, moet alle Suid-Afrikaners by die huis bly.

3. Slegs gesondheidswerkers, nooddienspersoneel, sekuriteitsdienste, mense wat kos of medisyne vervaardig, versprei en verskaf, mag nog gaan werk.

4. Mense mag nie die huis verlaat nie, tensy hulle mediese hulp, kos of medisyne moet koop of 'n welsynstoelaag moet ontvang.

5. Alle winkels, skole en ondernemings moet gesluit word. Plekke soos apteke, laboratoriums, banke, supermarkte en vulstasies mag egter nog oop wees

6. Geen troues of funksies, kerkbyeenkomste of sport mag gehou word nie. Slegs begrafnisse mag nog plaasvind met die maksimum 50 mense wat dit mag bywoon.

7. Geen sterk drank of sigarette mag in hierdie tyd verkoop word nie. Selfs wegneem-etes mag nie afgelewer word nie.

8. Mense moet gereeld hulle hande met seep en water was en jy moet jou neus en mond met 'n sneesdoekie bedek as jy nies of hoes of jou elmboog gebruik. Beperk ook enige fisiese kontak.

[Verwerk uit: *Maroela media,* Maart 2020]

**[10]**


**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

### TEKS D




1. Tydens die Absa KKNK 2014 vier ons die fees se twintigste
2. bestaansjaar en so ook die feesgangers wat jaar na jaar die Klein-
3. Karoo aandurf om die kunste te ondersteun. Daar is 'n towerkrag
4. wat ontstaan waneer elkeen sy eie stukkie feestelikheid en liefde
5. vir die Afrikaanse Taal en kunste kom uitleef. Die Absa Klein-Karoo
6. Nationale Kunstefees nooi jou om deel te wees van 'n samekoms van
7. wonderlike moontlikhede.

**8. Vir meer inligting skakel 044 203 8600 of besoek www.absakknk.co.za**

**[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Herfs 2014]**

3.1 Gebruik die **HOMONIEM** van <u>vier</u> in reël een in ‘n sin van jou eie. (1)

3.2 Verbeter die opsetlike spelfout wat in die advertensie voorkom. (1)

3.3 Vul die oop spasies in om die sin te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die “gehoor” word voorgestel as (3.3.1)___, maar die “gehoor” bestaan eintlik uit (3.3.2)___. (2)

3.4 Waarom word hierdie spesifieke “voëls” in die prentjie gebruik? (1)

3.5 Kies die mees gepaste antwoord wat die sin hieronder sal voltooi. Skryf net die letter langs die vraagnommer.

**“Kom <u>fees</u>. Word deel van die kunste.”**

“Fees” in die konteks hierbo, beteken ...

A. kom geniet jouself.
B. kom na die fees toe.
C. jy moet eers betaal.
D. jy moet baie kom eet. (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die Absa Klein-Karoo Nationale Kunstefees nooi jou om deel te wees van ‘n samekoms van wonderlike moontlikhede. (1)

3.7 Wie is die hoofborg van hierdie fees? (1)

3.8 Wie sal dit veral geniet om hierdie fees by te woon? (1)

3.9 Waarom is die 2020 KKNK fees afgestel? (1)

[10]

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg is op onderstaande strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## TEKS E




[Verwerk uit: *Rapport-tydskrif*, 31 Maart 1996]

4.1 Hoe kan ons aan Willie se liggaamstaal sien dat hy seergekry het? (1)

4.2 Watter visuele bewys is daar dat Willie se kop baie seer is? (1)

4.3 Vul die korrekte VOORSETSEL in die oop spasie in.

Minnie gaan baie kwaad ___ Willie wees. (1)

4.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord in hakies.

Die pad is (nat) om die draai as op die reguit stuk. (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Help die man! (1)

4.6 Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Hy sê: "Sy is in die bakkie." (1)

4.7 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE.

Willie se motor (om die draai, gegly, in die nat weer, het). (1)

4.8 Vul die LEES-EN SKRYFTEKENS in die volgende sin in.

minnie se help my asseblief ek sit vas (1)

4.9 Kies die korrekte woord in hakies en skryf dit neer.

Minnie en Willie is al vir tien (jare/jaar) vriende en so iets het nog nooit gebeur nie. (1)

4.10 Gee die MEERVOUD vir die woord in hakies.

Arme Willie het albei sy (knie) nerf-af geval. (1)

[10]

**<u>VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT</u>**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

## MAAK DIT DIE BESTE SKOOLJAAR!

(5.1.1)Dit is nie altyd maklik om in te pas in 'n (5.1.2) <u>groot</u> groep mense wat almal hul eie sterk persoonlikhede het nie. Maar onthou, jy is uniek en moenie probeer verander om in te pas in die groep nie. Wees jouself en floreer!
(5.1.3) Maak 'n lys van dinge wat jy eendag wil doen of word. Sodra jy op skool gedruk word om te verander of iets te doen wat jy weet jy nie moet of wil doen nie, wees (5.1.4) <u>baie eerlik</u> met jouself en dink aan daai lysie en jou toekomsplanne en of jou keuses nou jou doelwitte eendag gaan beïnvloed.

Oefen gereeld. Jy hoef nie noodwendig gim toe te gaan nie. (5.1.5) Jy kan gaan <u>draf</u> of saam met jou vriende gaan stap. Sluit by die skool by 'n sport aan.(5.1.6) Jy moet na jou fisieke én geestesgesondheid kyk. (5.1.7) <u>Oefen</u> help om jou op te beur en om jou gedagtes skoon te kry – veral in eksamentye.

Slaap genoeg. (5.1.8) Dit is belangrik om meer as agt uur slaap te kry. Daar is deesdae baie dinge wat jou tot laat in jou (5.1.9) <u>slaap+kamer</u> in die nag wakkerhou, soos PlayStation, Netflix en selfs WhatsApp-groepklets met jou vriende. Onthou net, (5.1.10) <u>a.g.v.</u> te min slaap, gaan jy die volgende dag nie in die (5.1.11) <u>klas</u> kan konsentreer nie. (5.1.12) So kan jy agterraak met jou skoolwerk en dan sukkel in die eksamen.

Praat met jou (5.1.13) <u>vriend</u>, jou ouers of die skool se berader as jy met geestesprobleme sukkel. As daar iets moeiliks in jou lewe is
(5.1.14) <u>met wat</u> jy sukkel of wat jy nie weet hoe om te hanteer nie, is dit belangrik dat jy met iemand praat wat na jou sal luister en jou op die regte pad help.

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, bl. 74, 16 Januarie 2020]**

5.1.1 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies.

Dit is nie altyd maklik om in te pas in ‘n groot groep mense nie. Almal het hul eie sterk persoonlikhede. (omdat) (1)

5.1.2 Gee die TRAPPE VAN VERGELYKING vir die woord in hakies.

Jou groep vriende op laerskool was (groot) as jou vriendegroep op Hoërskool. (1)

5.1.3 Kies die GESEGDE in die sin en skryf dit neer.

Maak ‘n lys van dinge in jou lewe. (1)

5.1.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.

Wees <u>baie eerlik</u> met jouself en dink aan daai lysie en jou toekomsplanne. (1)

5.1.5 Vorm ‘n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die (draf) vriende voel almal gelukkig en gesond. (1)

5.1.6 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Begin so: Jy behoort ...

Jy moet na jou fisieke én geestesgesondheid kyk. (1)

5.1.7 STEL DIE VRAAG in die volgende sin, sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

<u>Oefen</u> help om jou op te beur. (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Dit is belangrik om meer as agt uur slaap te kry. (1)

5.1.9 Vorm ‘n SAMESTELLING van die onderstreepte woorde.

Daar is deesdae baie dinge wat jou tot laat in jou <u>slaap+kamer</u> in die nag wakker hou. (1)

5.1.10 Skryf die onderstreepte AFKORTING in die volgende sin voluit neer.

Onthou net, <u>a.g.v.</u> te min slaap, gaan jy die volgende dag nie in die klas kan konsentreer nie. (1)

5.1.11 Skryf die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord neer.

Jy gaan nie die volgende dag in jou klein klas kan konsentreer nie. (1)

5.1.12 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE in hakies.

Jy kan agterraak met jou skoolwerk. Jy kan sukkel in die eksamen. (sowel ... as) (1)

5.1.13 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord.

Praat met jou vriend, jou ouers of die skool se berader as jy met geestesprobleme sukkel. (1)

5.1.14 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD.

As daar iets moeiliks in jou lewe is met wat jy sukkel of wat jy nie weet hoe om te hanteer nie, is dit belangrik dat jy met iemand praat wat na jou sal luister en jou op die regte pad help. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




5.2.1 In watter plek sit hierdie kat? (1)

5.2.2 Gee EEN woord vir die woorde in hakies.

Die kat se eienaar lees (elke aand) tot laat. (1)

5.2.3 Skryf die volgende sin oor in die DIREKTE REDE.

Die vrou sê dat haar kat ook van lees hou. (1)

5.2.4 Verbeter die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies.

Die (jonk) kat is baie spelerig. (1)

5.2.5 Skryf die VERGELYKING neer.

Na al die lees, voel ‘n mens so honger soos ‘n ___. (1)

5.2.6 Vul die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie in.

My mannetjies kat, Bear, hou daarvan as ___ bo-op die boeke kan lê. (1)

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE**
**SOMTOTAAL : 80 PUNTE**